# REDAKSIONEEL

## 1. GTV-JAARVERGADERING

Die GTV-Jaarvergadering het verlede jaar besluit dat dit nie wenslik is dat twee groot byeenkomste per jaar, t.w. die GTV-Jaarvergadering en die Aktualiteitskursus van die Teologiese Skool in Potchefstroom, gehou word nie. Die besluit is geneem na 'n versoek van die kant van die Teologiese Skool te Potchefstroom.

Na onderhandelinge met die TSP is nou ooreengekom dat die Aktualiteitskursus van die TSP vanjaar sal deurgaan, maar dat daar nie 'n GTV-Jaarvergadering sal plaasvind nie. Die Jaarvergadering word gevolglik vir 1981 beplan.

Namens die GTV-Hoofbestuur
A. J. du Plessis.

## 2. KONGRES OOR CALVYN-NAVORSING

Dr. A. J. van Rooy, sekretaris van die Reëlingskomitee van die Kongres oor Calvyn-navorsing wat D.V. van 12 tot 14 Augustus in die Buitemuurse Afdeling van Universiteit van Pretoria gehou word, het onlangs die GTV Pretoria ingelig oor hoe die gedagte ontstaan het. Vier Suid-Afrikaners by 'n wêreldkongres oor Calvynnavorsing in Nederland was so aangegryp deur wat hulle daar ervaar het, dat hulle dieselfde opbouende ervaring in Suid-Afrika wil moontlik maak. Die poging verdien ons heelhartige ondersteuning.

## 3. GELUKWENSING MET TEOLOGIESE PRESTASIES

Op die jongste gradeplegtigheid van die PU vir CHO het dr. F. R. P. de Bruyn en dr. Keith V. Warren van Geelong, Australië in die teologie promoveer. Dr. De Bruyn se proefskrif handel oor *„Die stryd om kerklike eenheid onder die Afrikaners in Argentinië, 1915 — 1954"* terwyl dié van dr. Warren gaan oor „An historical and Biblical/ Theological consideration of prayer as a means of grace". Tegelykertyd het dr. D. R. Fouché van Witrivier in die Departement Latyn promoveer met *„Die Romeinse begrip van onsterflikheid"* wat ook vir die teologie van belang is. Ds. J. L. Ras het die Th. M-graad verwerf met 'n studie oor *„Die lewe en werk van ds. M. P. A. Coetsee jr.* (1851 — 1901)". Ons kondig ook graag die mooi publikasie van ds. J. Visser aan: *„Die Kerklike tug. Wat sê die NT daarvan?"* by die KJBK aan. Ds. Isak Bekker het 'n MA (Letterkunde, Afrikaans) aan die Universiteit van Rhodesië behaal.

## 4. GEMEENTESANG EN KERKMUSIEK

Na aanleiding van die vorige redaksionele kolom het 'n predikant gevra of daar nie ander musiekkenners is nie wat 'n verantwoordelike artikel kan skrywe oor die vraag of slegs „een soort musiek vir Psalms 'n mens kan byna sê „gekanoniseer" moet word as die „enigste aanvaarbare styl". Is daar iemand wat hieroor wil skrywe of wie om so 'n artikel genader kan word?